No 19 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 17 AUGUST 2023

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Mr C M Dugmore
Mr C Fry
Ms N D Nkondlo
Mr P J Marais
Mr G Pretorius
Mr P T de Villiers
Mr F C Christians

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Mr K Brinkhuis: That land and agricultural startups be released especially to women who are involved in food gardening and community gardening projects and to women living on farms.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(17 August 2023)***

1. Mr P Marran: That the House debates the Western Cape abalone syndicate.

2. Mr M Kama: That the House debates the safety measures of summer initiation schools in the Western Cape.

3. Mr M K Sayed: That the House debates the WCED’s school readiness as the placement period for next year’s schooling looms.

4. Ms N D Nkondlo: That the House debates the devolution of powers by the DA.

**NOTICES OF MOTION** ***(10 August 2023)***

1. Ms W F Kaizer-Philander: That the House condemns the senseless violence and criminality that have marred the ongoing Santaco minibus taxi strike and the perpetrators behind it; notes that, while every South African and resident of the Western Cape has the constitutional right to protest, the violence and intimidation this past week are criminal and in contradiction to the values of our democracy; further notes the hypocrisy and politicisation demonstrated by certain political parties represented in this House related to the taxi strike this week; notes that, initially parties such as the ANC and EFF publicly supported the taxi strike, but when things turned violent, they disingenuously sought to put the blame at the feet of the City of Cape Town and the Western Cape Government; notes that it was under the previous ANC-administration that a taxi inquiry was instituted in 2005 that found that the industry was "governed by chaos"; notes that the leaders of the said government, such as Member Dugmore and Ebrahim Rasool, now want to politicise this matter and throw stones; notes that they had all the power to implement the rule of law and their dismal failure brought us here; notes that, instead of unequivocally denouncing the violence and criminality demonstrated by those affiliated to the strike, the ANC and EFF have sought to score cheap political points at the expense of commuters, road users and Western Cape communities; and notes that, instead of holding the taxi industry to account, the ANC and EFF employed lazy and loaded arguments related to race, while completely ignoring how poor regulation of the taxi industry puts the lives of countless Western Cape residents at risk.

2. Mr D America: That the House notes the national Minister of Transportation's defiance of her own National Land Transport Act after she has been publicly calling for the release of minibus taxis that have been impounded for breaking the rules of the road; notes that she is unfortunately not above the law; and further notes with great concern that the Minister of Transport is more concerned with pleasing the taxi industry than safeguarding our roads from illegal drivers and unsafe road behaviour.

3. Mr L L Mvimbi: That the House deeply mourns the loss of lives during the Cape Town taxi strike; notes that it is imperative that the DA-led City of Cape Town urgently releases all wrongly impounded taxis and that there is a moratorium on impoundment while the legislation is being reviewed; calls for new inclusive laws to prevent further tragedy; notes that swift action is needed to protect citizens, drivers and businesses while fostering harmony; and let us prioritise safety, find collaborative solutions and prevent further loss of life.

4. Ms N D Nkondlo: That the House notes with grave concern the detrimental consequences stemming from the Cape Town taxi strike, particularly the adverse effects on small businesses in black townships; notes that this disruption has led to substantial job losses among the already vulnerable population, as workers struggle to commute to their workplaces; condemns any actions that perpetuate suffering among our people; notes that it is evident that the impact aligns with a distressing narrative that the DA aims to exploit, revealing a disregard for the well-being of black communities; and stands united against such practices by advocating collaborative solutions to uplift our people and to protect their livelihoods.

5. Ms A Cassiem: That the House takes notice that the country celebrated National Women's Day yesterday; notes that the country also witnessed hundreds of domestic workers, made up of women, marching all the way to the Union Buildings in order to submit a memorandum to the President of the country against the violation of their rights; notes that it is sad that in this day and age that women in this sector still suffer from sexual abuse, from constant attacks by dogs and from being exploited without compensation at the hands of their employers; notes that the abuse of women remains entrenched in society with little and close to nothing being done about it; notes that the statistics concerning gender-based violence also continue to rise with each day passing and the dysfunctional policing system also exacerbates the matter as the majority of cases do not even make it to the prosecution desk as a result of incompetent
and unwilling police personnel; and calls for a better society in which women can live freely and be afforded the right to enjoy the full set of their protected constitutional rights.

6. Mr T M Klaas: That the House notes and condemns the killing of five people in Mbekweni on Monday night in a mass shooting that claimed the lives of three males and two females with the youngest victims aged 12 and 14 respectively; calls on law enforcement to move with speed in getting to the root of this matter and to arrest all those who are responsible for this unfortunate incident; notes that we cannot live idle in a society where people are butchered daily in our townships; and notes that we, as a society, must also come together and assist law enforcement agencies whenever we possess knowledge of who is behind these acts.

7. Mr M I Sileku: That the House takes note of the oversight visit conducted by the Standing Committee on Local Government to Kannaland, Beaufort West and Laingsburg; notes that Kannaland has been put on a budget plan in an attempt to aid the municipality; notes that they have however only met six out of their 48 targets; notes that overspending is occurring in various areas, including excessive salaries, overtime and performance bonuses for municipal staff and councillors, as well as motor vehicle allowances; notes that R66 million is owned to creditors, Eskom and the Auditor-General (AG) are owed R47,07 million and R8,08 million respectively, and their grant spending for the 2022/23 national grant allocation is only 28,31%; notes that Beaufort West owes creditors R137 million, they owe Eskom R91 million, and they even owe the AG R27 million – a fact that is truly shocking; and notes that Laingsburg owes creditors R9 million and this has increased by 15% over the period of one year and they do not submit financial reports timeously.

*See also:* Mr F C Christians (p 4); Mr P J Marais (p 4); Ms L M Maseko (p 5); Mr M K Sayed (p 6); Mr C M Dugmore (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Mr M Kama (p 6); Ms A P Bans (p 6); Ms A P Bans (p 7); Mr M K Sayed (p 7); Ms N D Nkondlo (p 7); Ms N G Bakubaku-Vos (p 7); Mr M K Sayed (p 8); Ms D M Baartman (p 8); Mr T M Klaas (p 8); Mr C M Dugmore (p 11); Ms A Cassiem p 12; Mr T M Klaas (p 12); Ms A P Bans (p 12); Ms N D Nkondlo (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N G Bakubaku-Vos (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr F C Christians (p 14); Mr I M Sileku (p 14); Ms N G Bakubaku-Vos (p 15); Mr M K Sayed (p 15); Ms A P Bans (p 15); Mr M Kama (p 15); Mr C M Dugmore (p 16); Mr G Bosman (p 17); Mr F C Christians (p 17); Mr C M Dugmore (p 18); Ms D M Baartman (p 18); Mr T M Klaas (p 18); Ms A P Bans (p 18); Mr K Brinkhuis (p 21); Ms A P Bans (p 21); Mr C M Dugmore (p 21); Mr M Kama (p 6);

Ms R Windvogel (p 6); Ms P Z Lekker (p 21); Mr F C Christians (p 21); Mr L L Mvimbi (p 21); Mr M K Sayed (p 21); Mr F C Christians (p 23); Ms A P Bans (p 23); Ms N G Bakubaku-Vos (p 23); Ms R Windvogel (p 23); Mr P Marran (p 23); Mr L L Mvimbi (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A Cassiem (p 24);  Mr T M Klaas (p 24); Mr K Brinkhuis (p 24); Mr T M Klaas (p 25); Mr I M Sileku (p 25); Mr L L Mvimbi (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr M K Sayed (p 25); Mr M K Sayed (p 26).

No 19 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 17 AUGUSTUS 2023

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Mnr C M Dugmore
Mnr C Fry
Me N D Nkondlo
Mnr P J Marais
Mnr G Pretorius
Mnr P T de Villiers
Mnr F C Christians

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Mnr K Brinkhuis: Dat grond en landboubeginondernemings in die besonder aan vroue wat by voedseltuinbou en gemeenskapstuinbouprojekte betrokke is, en aan vroue wat op plase bly, beskikbaar gestel word.

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(17 Augustus 2023)***

1. Mnr P Marran: Dat die Huis die Wes-Kaapse perlemoensindikaat debatteer.
2. Mnr M Kama: Dat die Huis die veiligheidsmaatreëls van somerinisiasieskole in die Wes-Kaap debatteer.
3. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die WKOD se skoolgereedheid debatteer aangesien die plasingstydperk vir volgende jaar se skoolopleiding nader kom.
4. Me N D Nkondlo: Dat die Huis die afwenteling van mag deur die DA debatteer.

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE** ***(10 Augustus 2023)***

1. Me W F Kaizer-Philander: Dat die Huis die sinnelose geweld en misdadigheid veroordeel wat die voortslepende Santaco-minibustaxistaking en die oortreders wat daarvoor verantwoordelik is, geskend het; kennis neem dat, terwyl elke Suid-Afrikaner en inwoner van die Wes-Kaap die grondwetlike reg het om te betoog, die geweld en intimidasie die afgelope week strafbaar is en in stryd is met die waardes van ons demokrasie; verder kennis neem van die skynheiligheid en verpolitisering wat gedemonstreer is deur sekere politieke partye wat in hierdie Huis verteenwoordig word, wat verband hou met vandeesweek se taxistaking; kennis neem dat partye soos die ANC en EFF aanvanklik die taxistaking in die openbaar ondersteun het, maar toe dinge gewelddadig geword het, hulle onopreg probeer het om die skuld op die Stad Kaapstad en die Wes-Kaapse Regering te pak; kennis neem dat dit onder die vorige ANC-administrasie was dat ŉ taxi-ondersoek in 2005 ingestel is wat bevind het dat die bedryf "deur chaos beheer word"; kennis neem dat die leiers van die genoemde regering, soos Lid Dugmore en Ebrahim Rasool, nou hierdie saak wil verpolitiseer en klippe wil gooi; kennis neem dat hulle al die mag gehad het om die oppergesag van die reg te implementeer en dat hul treurige mislukking ons tot op hierdie punt gebring het; kennis neem dat, in plaas daarvan om die geweld en misdadigheid wat deur diegene verbonde aan die staking gedemonstreer word, onomwonde te veroordeel, die ANC en EFF probeer het om goedkoop politieke punt te slaan ten koste van pendelaars, padgebruikers en Wes-Kaapse gemeenskappe; en kennis neem dat die ANC en EFF, in plaas daarvan om die taxibedryf tot verantwoording te roep, lui en gelade argumente gebruik het wat met ras verband hou, terwyl hulle heeltemal geïgnoreer het hoe swak regulering van die taxibedryf die lewens van talle Wes-Kapenaars in gevaar stel.

2. Mnr D America: Dat die Huis kennis neem van die nasionale Minister van Vervoer se uitdaging van haar eie Wet op Nasionale Landvervoer nadat sy in die openbaar ŉ beroep gedoen het op die vrystelling van minibustaxi's wat geskut is vir die oortreding van die padreëls; kennis neem dat sy ongelukkig nie bo die wet verhewe is nie; en verder met baie kommer kennis neem dat die Minister van Vervoer meer besorg is om die taxibedryf tevrede te stel as om ons paaie te beskerm teen onwettige bestuurders en onveilige padgedrag.

3. Mnr L L Mvimbi: Dat die Huis diep treur oor die verlies aan lewens tydens die Kaapstadse taxistaking; kennis neem dat dit noodsaaklik is dat die DA-geleide Stad Kaapstad alle verkeerdelik geskutte taxi's dringend vrystel en dat daar ŉ moratorium op skut geplaas word terwyl die wetgewing hersien word; ŉ beroep op nuwe inklusiewe wette doen om ŉ verdere tragedie te voorkom; kennis neem dat vinnige optrede nodig is om burgers, bestuurders en sakeondernemings te beskerm terwyl harmonie bevorder word; en laat ons veiligheid prioritiseer, samewerkende oplossings vind en verdere lewensverlies voorkom.

4. Me N D Nkondlo: Dat die Huis met baie kommer kennis neem van die nadelige gevolge van die Kaapstadse taxistaking, veral die nadelige uitwerking op klein sakeondernemings in swart informele nedersettings; kennis neem dat hierdie ontwrigting gelei het tot aansienlike werksverliese onder die reeds weerlose bevolking, aangesien werkers sukkel om na hul werkplekke te pendel; enige optrede veroordeel wat lyding onder ons mense

laat voortduur; kennis neem dat dit duidelik is dat die impak strook met ŉ ontstellende narratief wat die DA poog om te ontgin, wat minagting van die welstand van swart gemeenskappe openbaar; en eensgesind staan teen sulke praktyke deur samewerkende oplossings voor te staan om ons mense op te hef en hul broodwinning te beskerm.

5. Me A Cassiem: Dat die Huis kennis neem dat die land gister Nasionale Vrouedag gevier het; kennis neem dat die land ook gesien het hoe honderde huiswerkers, bestaande uit vroue, tot by die Uniegebou gemarsjeer het om ŉ memorandum teen die skending van hul regte aan die President van die land te oorhandig; kennis neem dat dit hartseer is dat vroue in hierdie sektor in hierdie tyd steeds aan seksuele misbruik ly, aan voortdurende aanvalle deur honde en dat hulle sonder vergoeding deur hul werkgewers uitgebuit word; kennis neem dat die mishandeling van vroue in die samelewing verskans bly met niks en byna niks wat daaraan gedoen word nie; kennis neem dat die statistiek oor geslagsgebaseerde geweld ook aanhou styg met elke dag wat verbygaan en dat die wanfunksionele polisiëringstelsel die saak ook vererger aangesien die meerderheid sake nie eens by die vervolgingsfase kom nie as gevolg van onbevoegde en onwillige polisiepersoneel; en ŉ beroep doen op ŉ beter samelewing waarin vroue vry kan lewe en die reg gegun word om die volle omvang van hul beskermde grondwetlike regte te geniet.

6. Mnr T M Klaas: Dat die Huis kennis neem van en die moord veroordeel van vyf mense wat Maandagaand in Mbekweni in ŉ massaskietery dood is en die lewens van drie mans en twee vroue geëis het met die jongste slagoffers wat onderskeidelik 12 en 14 jaar oud was; ŉ beroep op wetstoepassing doen om vinnig by die kern van hierdie saak uit te kom en almal wat vir hierdie ongelukkige voorval verantwoordelik is, in hegtenis te neem; kennis neem dat ons nie dadeloos in ŉ samelewing kan leef waar mense daagliks in ons informele nedersettings afgemaai word nie; en kennis neem dat ons, as ŉ samelewing, ook moet saamkom en wetstoepassingsagentskappe moet bystaan wanneer ons ook al kennis het oor wie vir hierdie dade verantwoordelik is.

7. Mnr M I Sileku: Dat die Huis kennis neem van die toesigbesoek wat deur die Staande Komitee oor Plaaslike Regering by Kannaland, Beaufort-Wes en Laingsburg afgelê is; kennis neem dat Kannaland ŉ begrotingsplan ontvang het in ŉ poging om die munisipaliteit te help; kennis neem dat hulle egter net ses van hul 48 teikens behaal het; kennis neem dat oorbesteding op verskeie gebiede voorkom, insluitende buitensporige salarisse, oortyd en prestasiebonusse vir munisipale personeel en raadslede, sowel as motorvoertuigtoelaes; kennis neem dat R66 miljoen aan krediteure geskuld word, aan Eskom en aan die Ouditeur-generaal (OG) word onderskeidelik R47,07 miljoen en R8,08 miljoen geskuld, en hul toelaebesteding vir die 2022/2023- nasionale toelaetoekenning is slegs 28,31%; kennis neem dat Beaufort-Wes krediteure R137 miljoen skuld, en dat hulle aan Eskom R91 miljoen en selfs aan die OG R27 miljoen skuld – ŉ feit wat werklik skokkend is; en kennis neem dat Laingsburg krediteure R9 miljoen skuld en dat dit het oor ŉ tydperk van een jaar met 15% toegeneem, en dat hulle nie finansiële verslae betyds indien nie.

*Kyk ook:* Mnr F C Christians (bl 4); mnr P J Marais (bl 4); me L M Maseko (bl 5); mnr M K Sayed (bl 6); mnr C M Dugmore (bl 6); me R Windvogel (bl 6); mnr M Kama (bl 6); me A P Bans (bl 6); me A P Bans (bl 7); mnr M K Sayed (bl 7); me N D Nkondlo (bl 7); me N G Bakubaku-Vos (bl 7); mnr M K Sayed (bl 8); me D M Baartman (bl 8); mnr T M Klaas (bl 8); mnr C M Dugmore (bl 11); me A Cassiem (bl 12); mnr T M Klaas (bl 12); me A P Bans (bl 12); me N D Nkondlo (bl 12); me A P Bans (bl 13); me N G Bakubaku-Vos (bl 13); me R Windvogel

(bl 13); mnr F C Christians (bl 14); mnr I M Sileku (bl 14); me N G Bakubaku-Vos (bl 15); mnr M K Sayed (bl 15); me A P Bans (bl 15); mnr M Kama (bl 15); mnr C M Dugmore (bl 16); mnr G Bosman (bl 17); mnr F C Christians (bl 17); mnr C M Dugmore (bl 18); me D M Baartman (bl 18); mnr T M Klaas (bl 18); me A P Bans (bl 18); mnr K Brinkhuis (bl 21); me A P Bans (bl 21); mnr C M Dugmore (bl 21); mnr M Kama (bl 6); me R Windvogel (bl 6); me P Z Lekker (bl 21); mnr F C Christians (bl 21); mnr L L Mvimbi (bl 21); mnr M K Sayed (bl 21); mnr F C Christians (bl 23); me A P Bans (bl 23); me N G Bakubaku-Vos (bl 23); me R Windvogel (bl 23); mnr P Marran (bl 23); mnr L L Mvimbi (bl 24); mnr P Z Lekker (bl 24); me A Cassiem (bl 24); mnr T M Klaas (bl 24); mnr K Brinkhuis (bl 24); mnr T M Klaas (bl 25); mnr I M Sileku (bl 25); mnr L L Mvimbi (bl 25); me P Z Lekker (bl 25); mnr M K Sayed (bl 25); mnr M K Sayed (bl 26).